Winter, die tyd van weidingsnood!

Dr Philip Botha. Instituut vir Plantproduksie. Outeniqua Proefplaas

Winter, die tradisionele en jaarliks gevreesde tyd van voertekorte het weer aangebreek. Lae temperature, korter wordende dae en ligintensiteit is die belangrikste redes waarom die groeitempo van die meerjarige weigewasse soos raaigras, kikoejoe en lusern wat oor die algemeen deur veeboere in hul voervloei gebruik word, gedurende die wintermaande Junie, Julie en Augustus afneem. Die groeitempo van hierdie gewasse kan gedurende die lente, somer en herfs tussen 80 en 100 kg droëmateriaal per hektaar per dag behaal, maar gedurende die winter neem dit af na tussen 0 en 20 kg droëmateriaal per hektaar per dag. Dit veroorsaak dat weidingsgewasse wat gedurende die somer en herfs weiding aan tot 8 melkkoeie per hektaar kon verskaf, gedurende die winter skaars genoeg weiding kan produseer om aan die daaglikse behoefte van twee koeie per hektaar te voorsien. In 'n poging om die gevolglike voedingstekort gedurende die winter te verlig, word onder andere eenjarige wintergroeiende weigewasse gedurende die herfs gesaai sodat dit gedurende die winter gereed kan wees vir beweiding. Navorsing op Outeniqua waar verskillende eenjarige wintergroeiers ge-evalueer is, toon dat eenjarige westerwold tipe raaigrasse die hoogste produksie gedurende winter behaal en kan bydrae om die wintervoertekort te verlig.

In die onderstaande tabel word die maandelikse produksietempo (kg droëmateriaal/ha/dag) van eenjarige raaigras wat gedurende Maart, April of Mei geplant is, vir die daaropvolgende maande tot Oktober aangedui. Boere kan hierdie inligting in hul voervloeiprogram gebruik om die verwagte droëmateriaalproduksie en weikapsiteit op eenjarige raaigras te bepaal.

Saaityd	**Maande en produksie (kg droëmateriaal /ha/dag)**					
	Mei	**Jun.**	**Jul.**	**Aug.**	**Sep.**	**Okt.**
15 Maart	30	49	50	63	84	49
15 April	-	16	40	62	89	73
15 Mei	-	-	36	69	101	86

Uit die data is dit duidelik dat eenjarige raaigras wat gedurende Maart geplant word, 'n hoër produksietempo gedurende Mei, Junie en Julie as die April- of Mei-aanplanting behaal. Daar word dus aanbeveel dat eenjarige raaigras wat as winterweiding aangeplant word, nie later as middel Maart gesaai behoort te word nie. Vir verdere inligting skakel Philip Botha by 0448033712. E:pos: philipb@elsenburg.com